Mediaverklaring
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
16 Mei 2011

Hulp vir polishouers wat sukkel om lewensversekeringsterme te verstaan

As die bewoording in jou langtermynlewensversekeringspoliskontrak vir jou Grieks is, is daar hulp. Die Vereniging vir Spaar en Beleggings in Suid-Afrika (ASISA) het 'n omvattende terminologiegids, die sogenaamde "jargon buster", op sy webwerf wat die definisies en uitdrukkings wat in lewensversekeringskontrakte en bemarkingsmateriaal gebruik word in verstaanbare taal verduidelik.

Peter Dempsey, adjunk- uitvoerende hoof van ASISA, sê baie verbruikers en tussengangers is dalk nie eens bewus van die terminologiegids wat al byna vier jaar lank bestaan nie.

"Die terminologiegids word gereeld bygewerk en uitgebrei want ons besef daar is behoefte aan 'n eenvoudige en eenvormige verwysingsbron."

Dempsey sê die terminologiegids – die werk van 'n span mediese versekeringsdeskundiges in die lewensversekeringsbedryf – verduidelik die terminologie wat in die bedryf gebruik word in verstaanbare taal en is op tussengangers én verbruikers gemik.

"Met toegang tot 'n breedvoerige verduideliking van die mees algemene terminologie wat in die lewensversekeringsbedryf gebruik word, is tussengangers en verbruikers beter toegerus om beter ingeligte vrae te vra en dus beter ingeligte besluite te neem."

Die terminologiegids verduidelik byvoorbeeld die verskil tussen versnellervoordele en selfstandige voordele en wat die voordele en nadele van elkeen is.

Ander voorbeelde van langtermynlewensversekeringspraktyke en -terminologie wat in die terminologiegids gedek word, is:

- Wagtydperke
- Risikograderingsfaktore by onderskrywing
- Premiepatrone en dekkingsgroei
- Verskillende soorte voordele

Die terminologiegids, oftewel "jargon buster", kan gevind word onder die hofie *Info Centre* by www.asisa.org.za.

Einde

Vir die reël van onderhoude, kontak asseblief:
Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@mweb.co.za

Uitgereik namens:

Peter Dempsey
Adjunk- Uitvoerende Hoof
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)
(021) 673 1620

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye. ASISA is in 2008 in die lewe geroep deur lede van die Vereniging van Kollektiewe Beleggings (ACI), die Beleggingsbestuursvereniging van Suid-Afrika (IMASA), die Diensverskaffersvereniging vir Gekoppelde Beleggings (LISPA) en die Vereniging van Lewensversekeraars (LOA).